# Etiek en irenologie: 'n teologies-etiese besinning oor vrede

*We prepare for war like precocious giants*
*and for peace like retarded pigmees*
*(Lester Pearson, 1957).*

J.H. van Wyk
Departement Dogmatologie en Ekklesiologie
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

**Ethics and irenology: a theological-ethical reflection on peace**

*It is an indisputable fact that peace is one of the most sought situations in the world and yet one of the most unattainable. Why? There are many reasons for this unsatisfactory situation. One reason for the situation of war, strife and instability is because human beings do not actively participate in peacemaking activities. In this regard the author investigates the Biblical meaning of the concept of peace and its implications for societal life, especially for South African society. A strong plea is made for the development of a science of peace (irenology).*

## 1. Inleiding

Wanneer daar tans oor die tema van oorlog en vrede besin word, veral in die Suider-Afrikaanse konteks, moet baie duidelik rekening gehou word met die nuwe en totaal veranderde konteks waarbinne sodanige besinning plaasvind. Dit is immers belangrik dat in die etiese besinning die konteks verreken word, al word daaraan nie prioriteit verleen nie. Norm en feit moet met mekaar korreleer (Dekker, 1981:14) – wat natuurlik iets anders is as dat hulle met mekaar moet korrespondeer. Dit is gou duidelik dat die Suid-Afrikaanse samelewing die afgelope ses jaar dramaties verander het. Baie selde in die geskiedenis doen 'n situasie hom voor waar 'n oligargie sonder geweld deur 'n demokrasie vervang word en waar 'n regerende minderheid sy mag vreedsaam aan die meerderheid oordra – al moet verreken word dat die blankes wat in die Referendum van 1992 *ja* gestem het, waarskynlik eerder magsdeling as magsoordrag voor oë gehad het. 'n Ander vraag wat na vore kom, is die vraag of die magsverwisseling plaasgevind het op grond van binnelandse en buitelandse druk of wel op grond van innerlike oortuiging by die maghebbers dat dit immoreel is om 'n sisteem van politieke onreg langer te kontinueer.

Dikwels het teoloë (en dan veral bevrydingsteoloë) 'n pessimistiese toon aangeslaan ten opsigte van die moontlikheid van vreedsame sosiale en strukturele hervorming met 'n gevolglike swaar aksent op die gedagte van verset en geweld. So oordeel Banana (1982:99-100) byvoorbeeld dat "the enemy will try to protect himself and to protect his interests. He will never change by persuasion or by negotiations. The only possible means of reducing him to powerlessness is by the use of a stronger power, that is the power of the oppressed". Ook Boesak (1986:65) deel dieselfde mening: "Zij die vrezen dat hun bevoorrechte positie door een eerlijker verdeling van de rijkdom van het land zal worden aangetast, zullen nimmer instemmen met fundamentele veranderingen." In 1989 nog konstateer De Villiers (1989:32) dat daar nog geen teken is dat "the government would agree to a new constitution that could result in government by the majority in South Africa". Volgens Villa-Vicencio (1990:97) sal Suid-Afrika "not likely escape the cycles of repressive and revolutionary violence before it learns to live in peace". En selfs toe die vredesproses al voluit aan die gang was, moes dit Nolan nog van die hart dat "Codesa 2 made it quite clear to those who had not been able to pick it up earlier that the National Party had no intention of handing over power to a democratically elected majority government. They have been playing game with us. One way or another, by hook or by crook, they are going to hold onto power" (*Challenge*, Aug. 1992:1).

Tog het die Suid-Afrikaanse toneel sedert 1990 binne die bestek van vier jaar ingrypend verander. Verbode organisasies is ontban, politieke gevangenes is vrygelaat, die binnelandse rewolusie is beëindig, onderhandelings het begin, 'n demokratiese verkiesing het in 1994 plaasgevind en 'n demokratiese regering is ingestel. In 1996 is 'n grondwet met 'n redelike mate van konsensus saamgestel. Internasionale verhoudings is herstel en gespanne verhoudings met buurstate is beëindig. Die Suid-Afrikaanse weermag funksioneer tans in 'n vreedsamer situasie as voorheen sonder enige bedreiging aan of van buurstate.

Saam met die val van apartheid moet die val van die Berlynse muur asook die val van Kommunisme in Oos-Europa in 1990 verreken word. Trouens, die feit dat die gevaar van Kommunisme in Suid-Afrika aansienlik afgeskaal is, het baie daartoe bygedra dat opposisiepartye in 'n meer ontspanne atmosfeer kon onderhandel.

Dit is natuurlik waar dat alle probleme van geweld nie volledig verdwyn het nie. Die frekwensie van *kriminele geweld* is nog buitengewoon hoog. *Psigologiese geweld* (in die vorm van intimidasie) kom ook nog veelvuldig voor. *Politieke geweld* in Kwazulu-Natal duur steeds voort. Die moontlikheid van 'n wit rebellie kan seker nooit uitgesluit word nie. In totaliteit besien, beleef Suid-Afrika egter 'n veel vreedsamer situasie as voor 1990, al bly dit steeds 'n baie relatiewe vrede.

Wie tans oor oorlog en vrede handel, moet hierdie nuwe situasie deeglik verreken. *Die vraag na vrede in Suid-Afrika handel tans nie meer oor die vraag of 'n demokrasie verkry moet word nie, maar oor die vraag hoe die verworwe demokrasie bestuur en bestendig kan word.* Onlosmaaklik hieraan verbonde is die taak om seker te maak dat ons in Suid-Afrika met 'n verantwoorde demokrasie te doen het, naamlik 'n *plurale* demokrasie en nie 'n *populistiese* demokrasie (oglokrasie?) waar die massa minderhede en minderheidsregte onderploeg nie (vgl. J.J. Degenaar in *Beeld*, 19 Junie 1996:11; vgl. ook Degenaar, 1976:92-109).

In hierdie besinning gaan veral aandag aan die vredesaspek gegee word eerder as aan die oorlogsvraagstuk. Die fokus val dus eerder op irenologie as op polemologie. Maar omdat oorlog en vrede nooit van mekaar losgemaak kan word nie, sal die tema van oorlog en geweld steeds op die agtergrond figureer. Die bekende spreuk *si vis pacem para bellum* is, eties besien, verdag; veel eerder moet die spreuk omgekeer word om te lui: *si non vis bellum para pacem*. Aan hierdie taak sal die volgende bladsye gewy word.

Vrede kom altyd ter sprake teen die agtergrond van vier soorte oorloë, naamlik 'n koue oorlog, 'n rewolusionêre oorlog, 'n konvensionele oorlog en 'n kernoorlog (vgl. Clouse, 1981; Holmes, 1985; Hofman, 1989). Tog hou vrede, soos ons later sal sien, veel meer in as die blote afwesigheid van oorlog. Die afwesigheid van 'n bloedige oorlog kan immers nog altyd saamgaan met die aanwesigheid van 'n koue oorlog en so 'n situasie kan onmoontlik as "vrede" omskryf word.

## 2. Vrede as sentrale tema van die sosiale etiek

Wie hom teologies besig hou met *vrede* en die *vredestaak* sal noodwendig moet aandag bestee aan wat die konsep *vrede* beteken asook aan sake wat daarmee verband hou. Met die oog hierop word 'n tiental verbandhoudende aspekte aan die orde gestel.

### 2.1 Vrede moet met God se orde vereenselwig word

Volgens die Skrifgetuienis moet vrede nie met die *status quo* (bestaande orde) vereenselwig word nie maar met die *status Deo* (God se orde).

Volgens die vredesbeskouings van die Babiloniërs, Grieke en Romeine is vrede geïdentifiseer met die handhawing van die bestaande orde (Schmidt, 1969:28-76) – afgesien van die vraag of daardie bestaande orde moreel regverdig of onregverdig is. Hierteenoor staan die orde van God – die orde van die koninkryk – as 'n orde van vryheid en geregtigheid, 'n orde dus waar mense tot hulle reg kom en 'n regverdige samelewing moontlik word. Waar God regeer, en waar sy regering gehoorsaam word – dus waar die die koninkryk van God inbreek in

hierdie wêreld van gebroke verhoudings, dáár word iets sigbaar van die vrede op aarde (vgl. Burggraeve & De Tavernier, 1993:34). Maar dáár word ook iets sigbaar van die onvrede tussen mense (Matt. 10:34) omdat daar altyd mense is wat weier om hierdie Godsregering gehoorsaam te aanvaar. Juis daarom verkeer die bestaande orde en God se orde voortdurend in spanning met mekaar en moet die bestaande orde voortdurend aan die kriteria van die koninkryk getoets word.

## 2.2 Vrede bestaan veral in die aanwesigheid van harmonie

Uit die Skrifgegewens blyk duidelik dat vrede nie slegs bestaan in die afwesigheid van oorlog nie maar veral in die aanwesigheid van harmonie.

Die Goddelike orde waarvan in die vorige paragraaf sprake was, is 'n heel besondere soort orde, 'n orde naamlik van volkome welsyn. Waar die vrede van die wêreld gedefinieer kan word as 'n *negatiewe vrede*, 'n vrede deur wapens en geweld, 'n vrede ten koste van reg en geregtigheid, kan die Bybelse vrede beskryf kan word as 'n *positiewe vrede*, as vrede danksy reg en geregtigheid (vgl. Jüngel, 1983:14). Die Ou-Testamentiese *shaloom* en die Nuwe-Testamentiese *eirene*, waaroor al vele insiggewende studies verskyn het,[1] dui immers op 'n toestand van volkome welsyn en geluk, 'n toestand van heelsyn en harmonie met God, met die medemens, met die self – en met die natuur. Hoeveel waardevolle elemente daar ook al in negatiewe vrede – vrede as afwesigheid van oorlog – verskuil lê (vgl. Huber & Reuter, 1990:21-22), kan dit nog nie as die ware vrede omskryf word nie. So kan 'n koue oorlog nog veel hoogspanning en angs veroorsaak en die welsyn van mense benadeel. Ware vrede is eers daar te vind waar gebroke verhoudings herstel en harmonie bewerk is. Ons sou – baie voorlopig – kon sê: vredestyd is 'n tyd wanneer die seuns hulle vaders begrawe en oorlogstyd is 'n tyd wanneer vaders hulle seuns begrawe (vgl. Jes. 65:20).

## 2.3 Vrede bestaan nie uit konflik nie maar uit versoening

Vanuit 'n Christelike perspektief benader, word vrede/versoening met God bereik deurdat Christus die sonde van die wêreld oorwin het (Rom. 5:1; 2 Kor. 5:19) (Comblin, 1963:317; Mauser, 1992:112-121). As gevolg hiervan kom daar ook vrede tussen mense en vind gelowiges mekaar op 'n besondere wyse binne die ruimte van die kerk as gemeenskap van versoendes (Ef. 2:14). Natuurlik moet daar onderskei word tussen vrede met God (deur Christus) en vrede op aarde tussen mense (Pannenberg, 1977:146-147; so ook Augustinus, vgl. Laufs, 1973).

---

1 Vgl. byvoorbeeld die volgende: Schmidt, 1969; Schrey, 1969:422-433; Westermann, 1969:144-177; Jüngel, 1983:45-56; Van Wyk, 1984:205-208, 1986:125-126 (met literatuurverwysings); Baarlink, 1985:38-47; Tambasco, 1989; De Villiers, 1988:21 (met literatuurverwysings); Huber en Reuter, 1990; Burggraeve en Vervenne, 1991; Mauser, 1992:13-35; Dear, 1994.

Vrede is ten diepste 'n geskenk van die Heilige Gees (Rom. 14:17; Gal. 5:22). Andersyds moet gesê word dat vrede en versoening nie tot die kerk beperk bly nie maar oor die kerkmure die samelewing invloei wanneer gelowiges daarna streef om, sover dit van hulle afhang, met alle mense in vrede te leef (Rom. 12:18; vgl. Heb. 12:14). Dit spreek vanself dat hoe meer mense daar in 'n samelewing is wat met Christus en so met mekaar versoen is – na bewering 77% in Suid-Afrika – hoe groter behoort die kans op vrede te wees. Wie met sy naaste in die kerk versoening ervaar, behoort dit nie moeilik te vind om ook in die politiek versoening na te jaag nie. Dit is juis die bereidheid tot versoening wat oorlog en geweld as politieke middels bevraagteken en die opsies van onderhandeling, bemiddeling en selfs arbitrasie oproep.

Soos in die geval van die positiewe vredesbegrip, wat veel meer insluit as die afwesigheid van oorlog, moet ook van die versoeningsbegrip gesê word dat dit méér insluit as die afwesigheid van konflik. Versoening dui op die *herstel* en "goed maak" van gebroke verhoudings. Bybels gesien, mag aan versoening natuurlik nie sonder geregtigheid gedink word nie (vgl. König, 1995:73, 76-79; Nürnberger *et al.*, 1989:406). Versoening tussen mense vind nie plaas *op grond van* regstellende geregtigheid nie maar ook nie *daarsonder* nie. In die teologie rus versoening op voldoening; in die politiek hang versoening saam met vergoeding.[2]

## 2.4 Vrede word deur liefde verwerklik en nie deur haat nie

Liefde kan getipeer word as die sentrale tema van die Christelike etiek (vgl. Matt. 7:12; 1 Kor. 13:13), en wel sodanig dat dit nie net vir die individuele etiek nie maar ook vir die sosiale etiek bepalend is. So kon Calvyn (4.20.15; vgl. Calvyn, 1992) die oordeel uitspreek dat alle staatswette volgens die ewige beginsel van die liefde ingerig moet wees. 'n Gesindheid van liefde, wat in die Christelike etiek ook vyandsliefde insluit (Matt. 5:43-48), is van deurslaggewende betekenis vir goeie intermenslike verhoudings en 'n gelukkige samelewing. Haat skeur uitmekaar en vernietig verhoudings, terwyl liefde verenig en heel. 'n Samelewing wat deurtrek is van haat en vrees, kan nooit 'n vreedsame samelewing wees nie. Tereg merk De Villiers (1988:19-20; 1989:33, 35) op dat dit moreel gesien veel beter is om *vyandskap* in plaas van die *vyand* te oorwin. "We cannot have peace with hate in our hearts" (RKK, 1983:80). *Die ontwapening van die hart is die hart van ontwapening.*

Wanneer die liefde as vredestrategie beklemtoon word, beteken dit nie dat aan 'n blote gesindheidsetiek voorrang verleen word nie. Juis 'n verantwoorde oorlogs- en vredesetiek moet ook die *gevolge* en *resultate* van alle menslike handelinge

2 Mpumlwana (1994:191) probeer vrede en verset in balans bring.

verreken en daarom sal aan hierdie aspek later breedvoeriger aandag bestee word.

## 2.5 Vrede is onversoenbaar met enige vorm van (sosiale) onreg

Juis omdat vrede deur geregtigheid tot stand kom, is dit onversoenbaar met enige vorm van (sosiale) onreg. Die Skrifgetuienis oor die verband tussen vrede en geregtigheid is baie duidelik. Jesaja 32:17 is hier 'n sleuteluitspraak: "Wie reg doen, sal vrede hê" (*Opus justitiae pax*) (vgl. Korff, 1982:495). Hierdie tema word dwarsdeur die Ou Testament (vgl. Ps. 72:3, 85:11) asook die Nuwe Testament (Jak. 3:18) gehandhaaf en is onmisbaar vir 'n verantwoorde vredesetiek. *Kabood* en *shaloom* omhels mekaar (Ps. 85:11). Geregtigheid is een van die kenmerke van die koninkryk van God (Rom. 14:17) en is die enigste eienskap wat in die Bybel vermeld word om die lewe op die nuwe aarde te beskryf (2 Pet. 3:13). Daar kan geen sprake wees van vrede in 'n samelewing indien mense mekaar onregverdig behandel, indien daar onregverdige wette is en indien daardie onregverdige wette nog op 'n onregverdige wyse toegepas word nie. Onreg moet gebrandmerk word as een van die dodelikste vyande van vrede (vgl. Wolterstorff, 1983; Zeldenrust, 1994). Onreg veroorsaak opstand. "Wie onreg saai, sal onheil maai" (Spr. 22:8). Daarom kan gesê word dat wie die transformasie van 'n samelewing onmoontlik maak, maak 'n rewolusie onvermydelik. Geregtigheid beteken volgens sy wortelbetekenis 'n *reg*-te verhouding tot God en tot die medemens (vgl. Van Wyk, 1984:140, met bronverwysings). Só besien, is vrede die vrug van geregtigheid en kan gesê word dat geregtigheid 'n volk verhoog (Spr. 14:34).

Binne die konteks van die vredesetiek neem *sosiale geregtigheid* 'n besondere plek in – vandaar dat 'n *regstaat*, met 'n objektiewe regbank, so hoog aangeslaan word. In die tradisionele oorlogsetiek word selfs van 'n *regverdige oorlog* gepraat, hoewel dit 'n tema is wat hoe langer hoe meer verslete raak.[3] Hoewel daar wêreldwyd op *nasionale* vlak heelwat vordering gemaak is met die inwerkingstelling van regstate (in die vorm van demokrasieë; vgl. Villa-Vicencio, 1990:99), moet daar op *internasionale* vlak nog baie in hierdie verband gedoen word – ook wat die funksionering van 'n internasionale geregshof betref. Dit is immers veel sinvoller om alle dispute deur 'n internasionale geregshof te laat beslis as om daaroor oorlog te voer.

3 Vgl. onder andere Pannenberg, 1977:159-161; Douma, 1980:45; Curry, 1984:51-75; Lorenz, 1984; Van Wyk, 1984:145-151; Nürnberger *et al.*, 1989:130-152; Villa-Vicencio, 1990:90-93; Wicker, 1993; Dear, 1994:126-133; Zeldenrust, 1994.

## 2.6 Vrede is 'n geskenk van God én 'n opdrag aan die mens

Die Bybel leer dat vrede enersyds 'n geskenk van God maar andersyds ook 'n opdrag aan die mens is. Vrede moet dus aktief nagejaag word. Dit is waar dat vrede 'n geskenk van God is (2 Kor. 13:11), maar dit is ewe waar dat die mens opgeroep word om hom daadwerklik vir vrede te beywer (Comblin, 1963:332-335; Mauser, 1992:167-170). Dit is binne hierdie raamwerk dat die uitspraak *si non vis bellum para pacem* (wie 'n oorlog wil vermy, moet hom vir vrede beywer) sy regmatige plek verdien. Hebreërs 12:14 stel dit ondubbelsinnig dat Christene hulle met alle mense vir vrede moet *beywer* (vgl. 2 Tim. 2:22). Vrede is iets wat *gesoek* en *nagejaag* moet word (1 Pet. 3:11). In hierdie verband kan ook gedink word aan die beroemde saligspreking van Christus in Matteus 5:9. Die vredemakers (*pacifici*) waarvan hier sprake is, het niks met passivisme te maak nie, maar wel met 'n (vorm van) pasifisme waar aktief en doelgerig gewerk word vir vrede. Hier is sprake van mense wat hulle onvermoeid – selfs tot op die punt van vervolging (vgl. Matt. 5:10) – beywer vir wat reg is en wat elke vorm van onreg ontbloot. "We prepare for war like precocious giants and for peace like retarded pigmees", het Lester Pearson tereg opgemerk (vgl. Van Wyk, 1984:207).

Binne hierdie konteks kan die *wetenskap* ook 'n belangike bydrae lewer. Lande beskik oor weermagte en militêre akademies waar *geleer* word hoe om oorlog te maak. Die vraag kan gestel word waarom daar nie ook *geleer* word om nié oorlog nie en dus vrede te maak (vgl. Jes. 2:4). Waarom bestaan daar nie 'n vak soos irenologie (vredeswetenskap) as volwaardige universitêre dissipline nie? Hoe kan dit ooit verantwoord word dat daar minder geld bestee word aan wetenskaplike navorsing ter voorkoming van 'n derde wêreldoorlog as aan die onderhoud van graftes uit die Tweede Wêreldoorlog (Van Wyk, 1984:221)? – 'n oorlog waarvan Einstein voorspel het dat indien dit met atoombomme gevoer sou word, die vierde wêreldoorlog met knopkieries gevoer sou word (Van Wyk, 1984:3).

Tiperend in hierdie verband is die verhaal van kinders wat wel goed geweet het om "oorlog te speel", maar toe hulle versoek is om "vrede te speel", heeltemal radeloos was (De Villiers, 1988:9). Inderdaad, vrede moet *geleer* word, ook *gedoseer* word, ten einde 'n transformerende faktor in die samelewing te wees.

## 2.7 Vrede bevoordeel die hele samelewing

Vrede bevoordeel nie net sommige mense in 'n samelewing nie maar alle groepe, ja, die totale samelewing. De Villiers (1988:12-14,19; 1989:25-28, 34-35) het op insiggewende wyse aangetoon hoedat daar in die Suid-Afrika voor 1990 twee vredesbeskouings aanwesig was, naamlik dié van die Regering en dié van die versetbewegings, en hoedat albei hierdie beskouings aan bepaalde eensydighede

mank gegaan het, aangesien die Bybelse vredesbegrip die welsyn van álle groepe in 'n samelewing op die oog het. Deist (1983:76) het tereg opgemerk dat "'n mens nie staatsgeweld sondig kan verklaar, maar revolusionêre koeëls met wywater kan besprinkel nie". Die demokratiseringsproses en die opruiming van wetlik vasgelegde sosiale en strukturele onreg het die politieke dilemma in Suid-Afrika egter op 'n besondere wyse geraak. Dit sou egter fataal wees indien in die nuwe konteks minderheidsregte misken of vernietig word.

Dit is uit die Skrif duidelik dat wanneer die minderheid ten koste van die meerderheid bevoordeel word (vgl. Jer. 8:11), soos met die blankes in Suid-Afrika tot onlangs die geval was, of wanneer die meerderheid ten koste van die minderheid bevoordeel word, 'n gevaar wat tans nie denkbeeldig is nie, met ander woorde oral waar menseregte geskend word, kan daar van vrede geen sprake wees nie. Binne hierdie konteks kom ook die vraag na groepsregte – en etnisiteit – ter sprake (vgl. Nürnberger *et al.*, 1989:402). Dit is insiggewend om te let op die bevinding van samesprekings oor etnisiteit wat gedurende 1994 in Colombo gehou en geborg was deur die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke, die Lutherse Wêreldfederasie en die Wêreldraad van Kerke. Hierin word verklaar dat "we wish to affirm not only the unity of humanity but also the cultural diversity that ethnic groups bring to our societies" (*Consultation*, 1995:226). In die lig hiervan moet gesê word dat die ideaal van 'n nie-rassige Suid-Afrika prakties onhaalbaar en moreel verdag is; wat wél nagestreef moet word, is 'n nie-rassistiese samelewing. Terwyl die verskynsel van etnisiteit in die sosiale huishouding wel deeglik verreken behoort te word (Degenaar, 1980:95-105), moet nasionalisme, as *-isme*, as een van die hoofoorsake van spanning en konflik skerp afgewys word (Pannenberg, 1977:153). Waarteen verder dringend gewaarsku moet word, is dat 'n ganse samelewing – die kerke ingesluit – sodanig in 'n proses van "nasiebou" opgeneem word dat die plurale samestelling van die samelewing vernietig word (vgl. Vorster, 1991; Villa-Vicencio, 1992).

In die onlangse verlede was daar sprake van wit vrede en swart onvrede, maar hierdie situasie was vir die Suid-Afrikaanse samelewing glad nie heilsaam nie. Ware vrede het te maak met alle groepe in 'n samelewing; teenoor almal moet geregtigheid geskied. Wel moet gesê word dat daar, moreel geoordeel, 'n besondere fokus op die armes en randfigure in 'n samelewing moet wees, maar uiteindelik is daar vir niemand vrede as almal nie vrede ervaar nie.

Küng het hierdie tema selfs verder ontwikkel deur ook die wêreldgodsdienste in die debat om vrede te betrek. Bekend is sy stelling (Küng, 1991:138) dat geen wêreldsamelewing moontlik is sonder 'n wêreldetiek vir die nasies nie; voorts dat daar geen vrede tussen die nasies moontlik is sonder vrede tussen die wêreldgodsdienste nie; en uiteindelik dat daar geen vrede tussen die godsdienste moontlik is sonder gesprek tussen die godsdienste nie. Küng het hiermee 'n

besonder belangrike agendapunt aangesny wat besondere aandag verdien, uiteraard met vermyding van enige sweem van relativisme en sinkretisme (vgl. McGrath, 1995:458-464). Indien politieke groeperings met mekaar oor vrede samesprekings mag voer, kan die vraag nie omseil word waarom godsdiensgroeperings dit nie ook mag doen nie.

## 2.8 Die kerk is God se vredesinstituut op aarde

Omdat die kerk as God se vredesinstituut op aarde beskou kan word, behoort die kerk juis daarom ook die ware vrede voorbeeldig uit te leef. In die kerk word op voorlopige wyse iets sigbaar van God se vrederyk op aarde. Gelowiges is immers mense wie se verhouding tot God herstel is, mense dus wat met God versoen is, en wat daarom ook in 'n nuwe verhouding tot hulle naaste te staan kom. Die kerk is die plek waar buitestanders behoort te kan sien hoe mense in vrede met God en met mekaar saamleef (2 Kor. 13:11; Ef. 2:14; Kol. 3:15) (vgl. Comblin, 1963:292, 323).

Daar is geen plek op aarde waar mense nader aan mekaar kom as in die kerk en spesifiek tydens die Nagmaal nie. Die Nagmaal is immers by uitnemendheid 'n versoenings- en vredesmaaltyd. Word daar in die kerk eerder onenigheid as eenheid gevind, eerder haat as liefde, eerder konflik as versoening, dan het die kerk geen vredesboodskap vir die wêreld nie. Vandaar ook die belangrikheid van ekumeniese samewerking tussen kerkgemeenskappe om sover moontlik 'n eendersluidende vredesgetuienis te lewer. Die samelewing vind geen baat daarby wanneer kerke in hulle getuienis oor sosiaal-etiese vraagstukke mekaar weerspreek nie.

Wie vrede preek, moet vrede (voor-)leef. Al sal dit seker nooit in hierdie bedeling gebeur dat alle kerke "vredeskerke" word nie, soos Gollwitzer (1976: 121-122) bepleit, mag die vredes-élan in geen kerkgemeenskap ooit taan nie.

## 2.9 Die hemelse vrede is vir die áárde bedoel

Die Bybel leer dat die hemelse vrede die aardse onvrede in die kruis van Christus ontmoet en ontwapen en dus noodwendig 'n transformerende invloed op aarde moet uitoefen. Die hemelse vrede is dus vir die áárde bedoel. Die kruis van Christus staan as ligbaken in 'n see van bloed en oorlog. Dáár is alle bose magte ontwapen en oorwin (Kol. 2:15). Dáár het God op onoortreflike wyse 'n nuwe begin met die mensheid op aarde gemaak.

"Vrede op aarde" (*pacem in terris*) het die engele met Kersfees gesing (Luk. 2:14), en inderdaad moet gesê word dat God se vrede vir ménse op áárde bedoel is. Daar moet egter duidelik tussen "wêreldse" en "wêreldlike" vrede onderskei word: "wêreldse" vrede is vrede wat *uit* die wêreld *opkom*, dit is *status quo-*

vrede en daarom onware vrede. "Wêreldlike" vrede is vrede wat *op* die aarde *afkom*, dis God-se-orde vrede en daarom ware vrede. Christene mag hulle nie met vroom uitsprake onttrek aan die werk vir vrede op (híérdie) aarde nie. Vrede is immers méér as sielevrede, vrede het ook te maak met menslike, nasionale en internasionale verhoudings en samelewings. Daarom kan daar nooit genoeg gedoen word om doodgewone aardse vrede te bevorder nie (vgl. Rom. 12:18). Weliswaar is die vrede van hierdie bedeling voorlopig en relatief van aard, maar dit behoort prolepties vooruit te wys en vooruit te gryp na die volle vrede wat kom.

## 2.10 Teenswoordige vrede behoort vooruit te wys na eskatologiese vrede

Die vrede waarvoor Christene hulle tans beywer, moet prolepties heenwys na die eskatologiese vrede wat aan't kom is. Ons het opgemerk dat die vrede van hierdie bedeling voorlopig en relatief van aard is. Dit kan ook nie anders nie omdat alle menslike doen en late in hierdie bedeling deur die sonde ondermyn en aangetas word. Tog is die Christelike lewe onherroeplik gefokus op die koninkryk van God wat kom, die lewe fokus op vervulling, voltooiing en voleinding, die Christelike lewe word geleef in die rigting en verwagting van die koninkryk van God as 'n ryk van vrede, geregtigheid en liefde (vgl. Burggraeve & Tavernier, 1993:40; Steenkamp, 1987:18-39). Christene strek hulle uit na die voltooide ryk terwyl hulle terselfdertyd deur die koms van daardie ryk aangetrek word. So is daar 'n verband tussen wat is en wat kom, tussen hede en toekoms (Op. 21:24, 26). Die kwaliteit van die toekomstige vrede sal verskil van die teenswoordige vrede (1 Kor. 2:9), maar die teenswoordige vrede moet vooruitwys na, ja, vooruitgryp op die toekomstige vrede. Dit is waar dat ons werk – inklusief ons beste vredespogings – nie die Vrederyk kan teweegbring nie, maar dit impliseer nie dat ons nie daarna mag verlang, daarheen moet uitreik en daarvoor moet werk nie (2 Pet. 2:12).

# 3. Vrede as sentrale tema in die Suid-Afrikaanse konteks

Vervolgens sal 'n poging aangewend word om die verworwe afleidings (nog) meer spesifiek op die Suid-Afrikaanse situasie van toepassing te maak. Aandag sal gegee word aan die rol van die individu, die roeping van die kerk, die taak van die regering en die bydrae van die wetenskap.

## 3.1 Elkeen moet streef na die teweegbring van ware vrede in ons land

Van elke Christen, ja, van elke Suid-Afrikaanse burger word verwag om hom daadwerklik te beywer vir die totstandkoming van ware vrede in hierdie land. Hierdie vredestaak impliseer dat elke individu hom positief sal beywer vir 'n samelewing waarin God se orde van vryheid en geregtigheid gestalte vind, waar

die arme en ont-regte opgehef en waar regstellende aksie op 'n verantwoordelike wyse toegepas word (Van Wyk, 1996:174-177). Individue kan 'n groot bydrae lewer in politieke partye, in arbeidsorganisasies en in akademiese kringe ten einde 'n vredesbewussyn wakker te hou. Hulle kan in openbare toesprake en optrede, in lesings en voordragte, in korrespondensiekolomme en in die media, ja, oral waar die geleentheid hom voordoen, die vredesboodskap uitdra.

## 3.2 Die kerk het 'n priesterlike, koninklike en profetiese taak

Die kerk het as volk van God 'n priesterlike, koninklike en profetiese taak ten opsigte van die bevordering van vrede in die samelewing. Die goeie boodskap wat die kerk verkondig, is die "evangelie van vrede" (Ef. 2:17). Dit kan ook nie anders nie, want die kerk staan in diens van die "God van vrede" (2 Kor. 13:11) en die Messias van vrede (Jes. 9:5). Die eerste taak van die kerk bestaan daarin om die wêreld daaraan te herinner dat God in Christus vrede gemaak het (Mauser, 1992:168; vgl. Douma, 1980:108-117). Die boodskap van vrede met God en vrede met die naaste moet Sondae vanaf die kansels maar ook Maandae vanuit sinodes gehoor word. Ook kerkvergaderings besit 'n profetiese taak in die samelewing (Kerkorde art. 28) om vír reg en geregtigheid en téén onreg en onderdrukking te getuig. Die kerk moet waak teen daardie vorm van die twee-ryke-leer waar kerk en staat so van mekaar geskei is dat die kerk sy profetiese taak in die samelewing verloën (Pannenberg, 1977:151-152). Die kerk moet ideologieë en idologieë uitsnuffel en ontmasker (Mauser, 1992:174-178). Die kerk moet vry wees om hierdie getuienis te lewer en nie deur alte noue verbintenisse met die staat hierin gekniehalter word nie. Vandaar dat die kerk steeds krities moet kyk na die wyse waarop hy by die *kapelaansdiens* betrokke is (Van Wyk, 1991:181-187).

Voorts het die kerk ook 'n priesterlike funksie om die armes in die samelewing by te staan en op te hef om sodoende een van die oorsake van onvrede en opstand teen te werk. Daarby moet die kerk voortdurend voorbidding doen vir vrede en versoening, vir reg en geregtigheid (1 Tim. 2:2).

Die kerk moet hom ook vir *godsdiensvryheid* beywer en hom uitspreek teen elke vorm van godsdiensonverdraagsaamheid en godsdiensoorlog. Daar is immers geen oorlog so fanaties as 'n godsdiensoorlog wat in die naam van God gevoer word nie. 'n Terloopse maar tersaaklike opmerking moet in hierdie verband gemaak word: Terwyl daar vanuit staatkundige oogpunt, dit wil sê *juridies* benader, van *godsdiensgelykheid* gepraat word, kan daar vanuit *teologiese* gesigspunt (dit wil sê as waarde-oordeel) geen sprake wees van godsdiensgelykheid nie maar wel van godsdiensvryheid (vgl. König, 1995:95-99). Christene mag egter nooit agter 'n mensereg soos godsdiensvryheid gaan skuil wanneer martelaarskap ter wille van die Christus geëis word nie.

## 3.3 Dit is moreel onwaar dat die staat hom méér vir oorlog as vir vrede moet beywer

Dit is moreel beoordeel onwaar dat die staat/regering hom méér vir die voorbereiding van oorlog as vir die bevordering van vrede moet beywer. 'n Staat/regering behoort hom nie net met die idee van oorlog besig te hou nie maar die gestaltegewing van positiewe vrede behoort hoë prioriteit te geniet. So behoort 'n staatsweermag hom slegs vir haalbare doeleindes in te laat, wat al dadelik beteken dat 'n kernoorlog as moreel onaanvaarbaar afgewys moet word (vgl. Dekker, 1981:11-12; Woldring, 1985; De Graaf, 1987:73-84). Dit is waar dat sommige etici nog kies vir die aanhou van kernwapens (vgl. Douma, 1980:11, 14, 51 e.v., 79; Potgieter, 1981:47-49; Heyns, 1989:237), maar dit is 'n teorie (sg. deterrentteorie) wat deur ingrypende besware ondergrawe word (Van Wyk, 1984:27-28). Hierdie teorie verreken nie die gevaar van die sogenaamde onbedoelde kernoorlog nie; ook nie dat 'n kernoorlog doelvernietigend is nie. Verder beklemtoon die teorie eerder die konsep van negatiewe vrede (vrede deur kernwapens) as die positiewe vrede (vrede deur reg). Daar is geen veiligheid agter kernwapens nie.

Suid-Afrika het, wat die vervaardiging en toetsing van kernwapens betref, geen ongeskonde rekord nie. In die verlede was daar vanuit die buiteland net soveel onthullings as wat daar binnelands ontkennings was (vgl. Currie, 1984:182; Van Wyk, 1986:163-164). Verblydend is egter die feit dat Suid-Afrika in 1991 die kernsperverdrag onderteken het en sodoende die weg voorberei het dat Afrika moontlik as 'n kernbomvrye kontinent kan ontwikkel.

'n Staatsweermag moet hom nie net vir haalbare nie maar ook vir *vreedsame* doeleindes beywer. Daarom behoort die weermag ook vir ontwikkelingshulp aangewend te word, soos tydens groot droogtes, oorstromings, aardbewings, mynrampe en algemene noodtoestande. En waarom sou die weermag nie ook in 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika ingespan kon word vir pad-, huis- en bosbouprogramme nie? Die weermagbegroting kan, in 'n land waar nog groot armoede heers en wat relatief min vyandige bure het, slegs dan moreel verantwoord word wanneer dit 'n pluriforme taak verrig. By wyse van illustrasie word 'n voorlegging wat in 1995 aan die Cameron-kommissie gemaak is, as 'n voetnoot bygevoeg.[4]

4 1. Wat die SAW nie behoort te doen nie

1.1 Gesien die groot sosio-ekonomiese probleme van werkloosheid, behuisingsnood en armoede in die land, asook die feit dat geen buurstaat vir Suid-Afrika 'n militêre bedreiging inhou nie, behoort die verdedigingsbegroting nie buite verhouding groot te wees nie.

Intern behoort die staatshuishouding gekenmerk te word deur daardie sake wat vrede bevorder: 'n demokratiese regstaat (insluitend 'n verantwoorde grondwet, 'n handves van menseregte en 'n objektiewe regbank), ekonomiese geregtigheid, 'n plurale samelewing, matige bevolkingsgroei en 'n sensitiewe ekologiese beleid. Die Bybelse vrede raak immers die mees gevarieerde en konkrete aspekte van die menslike samelewing (Mauser, 1992:170-171). Ook behoort daar in die samelewing allerlei ontspanningsmeganismes en uitlaatkleppe – soos 'n vrye pers en vreedsame protes – aanwesig te wees. Na buite behoort die staat 'n anti-imperialistiese beleid te volg en in die geval van 'n konflik eerder van samesprekings, bemiddeling en selfs arbitrasie gebruik te maak as om 'n oorlog te ontketen. Só gesien, sal oorloë hoe langer hoe meer 'n moreel aanvegbare luukse word.

Wat in Suid-Afrika tans dringende aandag nodig het, is dat die regering die groeiende golf van *kriminele geweld* met wortel en tak sal uitroei. Daar kan geen sprake wees van 'n vreedsame samelewing indien 'n dreigende anargie op die horison verskyn nie.

## 3.4 Daar bestaan 'n behoefte aan die uitbou van irenologie as akademiese dissipline

As dit waar is dat 'n (kern-)oorlog tans een van die mensdom se grootste enkele

---

1.2 Die wapenindustrie behoort nie sodanig uitgebrei te word dat die landsekonomie geheel of gedeeltelik daarvan afhanklik word nie, aangesien dit 'n nadelige uitwerking op die ekonomie kan uitoefen.

1.3 Die SAW mag nooit so uitgebou word dat dit ontaard in 'n instrument vir binnelandse onderdrukking en/of buitelandse aggressie nie.

1.4 Nooit mag die SAW betrokke wees by die maak, gebruik en verspreiding van kernwapens (totale wapens) nie, aangesien sulke "wapens" doelvernietigend is.

1.5 Die SAW behoort nooit enige wapens aan lande te verkoop van wie dit vooraf bekend is dat hulle die wapens nie op verantwoordelike wyse kan hanteer nie. Wapenverkope is immers nie bloot 'n ekonomiese transaksie nie, maar dra ook 'n sterk morele dimensie.

2. Wat die SAW wel behoort te doen

2.1 Die SAW moet omskep word in 'n vredesmag, vry van enige vorm van dreiging, uitlokking, intimidasie en onderdrukking. Oorlog word hoe langer hoe meer 'n uitgediende politieke middel en konsep.

2.2 Die SAW (en dus die begroting daarvoor) behoort 'n pluriforme taakstelling na te streef, dit wil sê nie net vir landsverdediging beskikbaar te wees nie, maar behoort ook aangewend te word in geval van vloedrampe, mynrampe, droogtetoestande, noodtoestande, aardbewings, ja, selfs ten behoewe van die HOP.

gevare is, ja, as dit waar is dat ons vandag die eerste geslag mense is wat alle lewe op aarde kan vernietig (RKK, 1983:92), ontstaan die vraag waarom daar nie op wetenskaplik verantwoorde wyse, en wel as afsonderlike dissipline, aan die problematiek van oorlog en vrede aandag bestee word nie. Vredeswetenskap / irenologie behoort as akademiese dissipline uitgebou te word. In Europa bestaan daar reeds 'n vak soos *polemologie* wat min of meer insluit wat hier met *irenologie* bedoel word; vandaar dat die pleidooi vir die uitbou van 'n "teologie van vrede" so verstaanbaar is (RKK, 1983:7, 34, 58, 62, 65, 66, 85; Deist, 1983:75, 114-124). Plaaslik is hieraan egter nog niks gedoen nie, in elk geval nie as afsonderlike en selfstandige dissipline en op indringende en omvattende wyse nie.[5]

Vrede is nodig, daarom is vredeswetenskap noodsaaklik.

## 4. Slot

Daar is min sake op aarde waarna mense meer hunker as na vrede en tog is vrede juis een van daardie sake wat hoe langer hoe onbereikbaarder blyk te wees. Christus se verwysing dat daar altyd oorloë sal wees (Matt. 24:6), mag egter nie in fatalistiese sin verstaan word asof daar altyd oorloë móét wees nie. Wat God wil, is nie oorloë nie maar vrede. Dáárvoor moet gewerk word, dáárvoor moet gebid word en dáárop moet gewag word.

Eenmaal sal die ewige Vrederyk stralend kom as 'n ryk waarin alle onvrede opgeruim is en waar volle vrede heers, waar alle verhoudings herstel en volle versoening aanwesig is, 'n ryk dus van skone harmonie tussen mens en God, mens en mens, mens en dier en selfs tussen dier en dier (Jes. 11:3-8). Só 'n Vrederyk het God belowe en só 'n Vrederyk sal Hy eenmaal verwerklik.

## Bronnelys

BAARLINK, H. 1985. Vrede op aarde: De messiaanse vrede in bijbels perspectief. Kampen : Kok.

BANANA, C.S. 1982. The theology of promise: The dynamics of self-reliance. Harare : The College Press.

BOESAK, A. 1986. Als dit verraad is ben ik schuldig. Baarn : Ten Have.

BURGGRAEVE, R. & DE TAVERNIER, J. 1993. Radicalism and realism of a peace ethic. (*In* Wicker, B., *ed.* 1993. Studying war – no more? From just war to just peace. Kampen : Kok Pharos. p. 33-47.)

5 Die skrywer het in 1969 aan die PUCHO 'n (tevergeefse) voorstel gemaak dat 'n leerstoel in vredeswetenskap/irenologie ingestel moet word.

BURGGRAEVE, R. & VERVENNE, M., *ed.* 1991. Swords into plowshares: Theological reflections on peace. Eerdmans : Louvain.

CALVYN, J. 1992. Institusie van die Christelike Godsdiens 1559(4). Potchefstroom : CJBF.

CLOUSE, R.G. 1981. War: Four Christian views. Downers Grove Ill : InterVarsity Press.

COMBLIN, J. 1963. Theologie des Friedens: Biblische Grundlagen. Köln : Verlag Styria.

CONSULTATION. 1995. Ethnicity and nationalism: A challenge to the churches. *The Ecumenical Review*, 47(2):225-231, April.

CURRY, D.S., *ed.* 1984. Evangelicals and the bishops' pastoral letter. Grand Rapids : Eerdmans.

DEAR, J. 1994. The God of peace: Toward a theology of nonviolence. New York : Maryknoll.

DEGENAAR, J.J. 1976. Moraliteit en politiek. Kaapstad : Tafelberg.

DEGENAAR, J.J. 1980. Voortbestaan in geregtigheid: Opstelle oor die politieke rol van die Afrikaner. Kaapstad : Tafelberg.

DE GRAAF, H. 1987. In dienst van de vrede: Nadenken over verantwoordelijk handelen. Kampen : Kok.

DEIST, F. 1983. Verandering sonder geweld? Kaapstad : Tafelberg.

DEKKER, A. 1981. Radikaliteit en vredestheologie: Enkele notities vanuit de ethiek. Kampen : Kok.

DE VILLIERS, D.E. 1988. Die evangelie van vrede en vrede in Suid-Afrika. (*In* Wethmar, C.J. & Vos, C.J.A., *red.* 'n Woord op sy tyd: 'n Teologiese feesbundel aangebied aan professor Johan Heyns ter herdenking van sy sestigste verjaarsdag. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel. p. 9-22.)

DE VILLIERS, D.E. 1989. Peace conceptions in South Africa in the light of the Biblical concept of peace. *Scriptura*, 28:24-40.

DOUMA, J. 1980. Gewapende vrede: 16 Stellingen over het thema "Oorlog en vrede". Amsterdam : Ton Bolland.

GOLLWITZER, H. 1976. Forderungen der Umkehr: Beiträge zur Theologie der Gesellschaft. München : Kaiser.

HEYNS, J.A. 1989. Teologiese Etiek 2/2: Sosiale Etiek. Pretoria : N.G. Kerkboekhandel.

HOFMAN, H.A. 1989. Gij zult niet doden: Beschouwingen over het probleem van oorlog en vrede. Houten : Den Hertog.

HOLMES, A.F., *ed.* 1985. War and Christian ethics. Grand Rapids : Baker.

HUBER, W. & REUTER, H-R. 1990. Friedensethik. Berlyn : Kohlhammer.

JÜNGEL, E.. 1983. Zum Wesen des Friedens: Friede als Kategorie theologischer Anthropologie. München : Kaiser.

KÖNIG, A. 1995. Versoening: Goedkoop? Duur? Verniet? Kaapstad : Lux Verbi.

KORFF, W. 1982. Grundsätze einer christlichen Friedensethik. (*In* Hertz, A. *et al.* (Hrsg.). Handbuch der Christlichen Ethik 3: Wege ethischer Praxis. Freiburg : Herder. p. 488-507.)

KÜNG, H. 1991. Global responsibility: In search of a new world ethic. London : SCM Press.

LAUFS, J. 1973. Der Friedensgedanke bei Augustinus: Untersuchengen zum XIX. Buch des Werkes *De Civitate Dei*. Wiesbaden : Franz Steiner Verlag.

LORENZ, E. (Hsrg.). 1984. Widerstand, Recht und Frieden: Kriterien legitimen Gewaltgebrauchs. Erlangen : Martin Luther-Verlag.

MAUSER, U. 1992. The Gospel of peace: A scriptural message for today's world. Louisville/Kentucky : Westminster/John Knox Press.

McGRATH, A.E. 1995. Christian theology: An introduction. Oxford : Blackwell.

MPUMLWANA, M. 1994. War, violence and revolution. (*In* Villa-Vicencio, C. & De Gruchy, J., *ed.* Doing ethics in context: South African perspectives II. Kaapstad : David Philip. p. 187-192.)

NÜRNBERGER, K., TOOKE, J. & DOMERIS, W. 1989. Conflict and the quest for justice. Pietermaritzburg : Encounter Publications.

PANNENBERG,- W. 1977. Ethik and Ekklesiologie: Gesammelte Aufsätze. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht.

POTGIETER, P. 1981. Die Christen en oorlog. Wellington : Bybelkor.

RKK: The U.S. Bishops' pastoral letter on war and peace in the nuclear age. 1983. The challenge of peace: God's promise and our response. London : CTS/SPCK.

SCHMIDT, H. 1969. Frieden. Berlyn : Kreuz-Verlag.

SCHREY, H-H. 1969. Friede und Krieg. (*In* Karrenberg, F. (Hrsg.). Evangelisches Soziallexikon. Berlyn : Kreuz-Verlag. p. 422-433.)

STEENKAMP, A.W. 1987. Eskatologiese radikaliteit: Enkele Nuwe-Testamentiese perspektiewe op geweld en vrede. *Scriptura*, 22:18-39.

TAMBASCO, A.J., *ed.* 1989. Blessed are the peace-makers: Biblical perspectives on peace and its social foundations. New York : Paulist.

VAN WYK, J.H. 1984. Etiek van vrede: 'n Teologies-etiese evaluering van die Christenpasifisme. Stellenbosch : Cabo.

VAN WYK, J.H. 1991. Moraliteit en verantwoordelikheid: Opstelle oor politieke etiek. Potchefstroom : PU vir CHO.

VAN WYK, J.H. 1996. Arbeidsetiek: 'n teologies-etiese benadering. *In die Skriflig*, 30(2):155-183.

VILLA-VICENCIO, C. 1990. Civil disobedience and beyond: Law, resistance and religion in South Africa. Kaapstad : David Philips.

VILLA-VICENCIO, C. 1992. A theology of reconstruction: Nation-building and human rights. Kaapstad : David Philips.

VORSTER, W.S., *ed.* 1991. Building a new nation: The quest for a new South Africa. Pretoria : UNISA.

WESTERMANN, C. 1969 Der Frieden (*Shalom*) im Alten Testament. (*In* Picht, G. & Todt, H.E. (Hrsg.). Studien zur Friedensforschung I. Stuttgart : Klett. p. 144-177.)

WICKER, B. ed. 1993. Studying war – no more? From just war to just peace. Kampen : Kok Pharos.

WOLDRING, H.E.S. 1985. Ethiek en kernbewapening. In het spanningsveld van de verantwoordelijkheidsethiek. Amsterdam : VU Boekhandel.

WOLTERSTORFF, N. 1983. Until justice and peace embrace. Grand Rapids : Eerdmans.

ZELDENRUST, H. 1994. Voettocht naar vrede: Van rechtvaardige oorlog naar een vrede door gerechtigheid. Gorinchem : Narratio.